

2025

KWARTAAL 2:5

TERM 2:5



DIE WOLWESPOOR



HOËRSKOOL FERDINAND POSTMA HIGH SCHOOL

*If you cannot do great
things, do small things in a
great way.*

Tasmiyah Hamid





DIE ALFA-VERSLAG



Beste Ouers en Ferdie-familie

Ons is tans in 'n besonder besige, maar opwindende tyd van die jaar. Die eksamen is in volle swang, en ons Graad 10-12 leerders is hard aan die voorberei om hul beste te gee. Intussen vind die Graad 8 en 9-leerders se daaglikse intensiewe intervensieklasse plaas. Dit is belangrik dat geen leerder sal voel dat hulle agtergelaat word en steeds met belangrike konsepte worstel nie. Hierdie is alles deel van ons groter strewe na akademiese uitnemendheid.

Ek glo vas dat hierdie gestruktureerde aksieplanne, in samewerking met die toewyding van ons personeel en leerders, werklik 'n verskil sal maak in elke kind se akademiese reis. Dankie vir elke ouer en vriend van die Ferdie-gemeenskap wat ons kinders aanmoedig en hul met liefde en gebed ondersteun. Dit maak 'n merkbare verskil.

Sjoe, ek is ook ongelooflik trots op die sukses van ons eerste Ferdies Legacy Clash wat hierdie naweek plaasgevind het. Dit was nie net 'n geskiedkundige geleentheid nie, maar ook 'n ware hoogtepunt op ons skoolkalender. Die paviljoene het gegons van Ferdie-gees, en die ondersteuning was oorweldigend. Baie dankie aan elke ouer wat daar was. U betrokkenheid het 'n onuitwisbare indruk op ons leerders gemaak.

Ons sportspanne het ook hul Ferdie-trots met groot trots uitgeleef. Die eerstespan rugby, beide hokkie-seunsspanne asook die o/15- netbalmeisies het skitterende vertonings gelever en die dag se glorie beklank met oorwinnings. Julle toewyding en spanwerk inspireer ons almal! Aan al die ander spanne: by Ferdies is ons besig om te wen of te leer. Ons leer uit elke nederlaag en kom net volgende keer sterker terug.

Aan ons infrastruktuurfront is daar ook opwindende vordering. Die waghuise by die hoofhekke vorder mooi en ons eerstespan-rugbykamer is nou volledig afgehandel. Dit sou nie moontlik gewees het sonder die lojale ondersteuning van ons Ferdie-familie nie. Baie dankie vir elke bydrae, groot of klein. Dit word uit die diepte van ons hart waardeer.

Laat ons voortgaan om ons kinders aan te moedig, elke dag vir hulle te bid en saam te bou aan hul toekoms. Aan elke Ferdie-leerder wens ek 'n eksamen toe wat gekenmerk word deur deeglike voorbereiding, 'n positiewe ingesteldheid en onwrikbare toewyding. Mag sukses julle almal beskore wees.

'n Warm Ferdie-groete

Mnr M Smit
Skoolhoof





THE ALPHA REPORT



Dear Parents and Ferdie Family

We are currently in an especially busy, yet exciting time of the year. The exams are in full swing, and our Grade 10–12 learners are hard at work preparing to give their best. Meanwhile, the Grade 8 and 9 learners are attending their daily intensive intervention classes. It is important that no learner feels left behind or continues to struggle with important concepts. All of this forms part of our greater pursuit of academic excellence.

I firmly believe that these structured action plans, in collaboration with the dedication of our staff and learners, will truly make a difference in each child's academic journey. Thank you to every parent and friend of the Ferdie community who encourages our children and supports them with love and prayer. It makes a noticeable difference.

Wow, I am also incredibly proud of the success of our first Ferdies Legacy Clash, which took place this past weekend. It was not only a historic event but also a true highlight on our school calendar. The stands were buzzing with Ferdie spirit, and the support was overwhelming. Thank you so much to every parent who was there. Your involvement made an indelible impression on our learners.

Our sports teams also proudly displayed their Ferdie pride. The first-team rugby, both boys' hockey teams, and the U/15 netball girls delivered brilliant performances and sealed the day's glory with victories. Your dedication and teamwork inspire us all! To all the other teams: at Ferdies, we are either winning or learning. We learn from every defeat and come back stronger next time.

On the infrastructure front, there is also exciting progress. The guardhouses at the main gates are coming along nicely, and our first-team rugby room is now fully completed. This would not have been possible without the loyal support of our Ferdie family. Thank you for every contribution, big or small. It is appreciated from the bottom of our hearts.

Let us continue to encourage our children, pray for them daily, and build their future together. To every Ferdie learner, I wish an exam period marked by thorough preparation, a positive mindset, and unwavering dedication.

May success be yours.

Warm Ferdie greetings

Mr M Smit
Principal



WEEKLY HOWL

Opkomende gebeure
Upcoming events

Maandag / Monday: 09/06

Dinsdag / Tuesday: 10/06

Woensdag / Wednesday: 11/06

Donderdag / Thursday: 12/06

Vrydag / Friday: 13/06

Saterdag / Saturday: 14/06

Sondag / Sunday: 15/06

Maandag / Monday: 16/06

Dinsdag / Tuesday: 17/06

Woensdag / Wednesday: 18/06

Donderdag / Thursday: 19/06

Vrydag / Friday: 20/06

Saterdag / Saturday: 21/06

Sondag / Sunday: 22/06

WEEKLY HOWL

Opkomende gebeure
Upcoming events



WEEKLY HOWL

Blo krooster



KWARTAAL 2/ TERM 2 - 2025		KWARTAAL 2/ TERM 2 - 2025	
TYD/ TIME	MAANDAG/MONDAY	TYD/ TIME	DINSDAG/TUESDAY
14:00-14:50 [Blok/Block 1]	GR. 8 - SETH Opsie 1 & 4 /Option 1 & 4 [S. Strydom; J. Richards; M. Geldenhuys; C. Ford]	14:00-14:50 [Blok/Block 1]	GR. 10 - SETH Opsie 1 & 2/Option 1 & 2 (Verryking/ Enrichment) [W. Walters; T. Hohowsky]
	GR. 9 - SETH Opsie 1 & 4/ Option 1 & 4 [J. Erasmus]		GR. 11 - SETH Opsie 1 & 4/ Option 1 & 4 [N. Botma]
	GR. 12 - Wisk. Ekstra/ Maths Extra (Eng) [M. de Wet]		GR. 11 - Wisk. Ekstra / Mathematics Extra [M. Rush]
	GR. 8 - 12 - Public Speaking & Poetry Recitals [C. Roux]		GR. 12 - RTT Ekstra/CAT Extra (Groep 1) [S. Dupper]
15:00-15:50 [Blok/Block 2]	GR. 8 - SETH Opsie 1 & 4 /Option 1 & 4 [S. Strydom; J. Richards; M. Geldenhuys; C. Ford]	15:00-15:50 [Blok/Block 2]	GR. 10 & 12 - SETH Opsie 1, 2 & 3/Option 1, 2 & 3 (Verryking/ Enrichment) [A. van den Heever; W. Odendaal; V. vd Merwe; C. Strauss; M. van As]
	GR. 9 - SETH Opsie 1 & 4/ Option 1 & 4 [J. Erasmus]		GR. 11 - SETH Opsie 1 & 4/ Option 1 & 4 [N. Botma]
	GR. 12 - LW Ekstra/ LS Extra [S. Meiring]		GR. 12 - RTT Ekstra/CAT Extra (Groep 2) [S. Dupper]
	GR. 8 - 12 - Public Speaking & Poetry Recitals [C. Roux]		GR. 8 - 12 - Skaak/ Chess [W. Walters]
	GR. 10 - 12 - Rugby (1stes) [D. Serfontein]		GR. 8 - 9 - Netbal/ Netball [W. Bezuidenhout (o/14); M. de Wet (o/15); S. Delpont (3des)]
	GR. 10 - 12 - Netbal/ Netball [M. Thaele (1stes); L. Rossouw (2des)]		GR. 8 - 9 - Rugby (o/15) [D. Weyers]
	GR. 10 - 12 - Meisies hokkie /Girls hockey [A. Knoesen (1stes); M. Rush (2des)] 15:00 - 17:00		GR. 8 - 9 - Dogtershokkie/ Girls hockey (o/15) [S. Meiring]
	GR. 10 - 12 - Seunshokkie/ Boys hockey [C. Louw (1stes); J. Walstrand (o/16)]		GR. 8 - 9 - Seunshokkie/ Boys hockey (o/15) [S. du Plessis]
16:00-16:50 [Blok/Block 3]	GR.8-12 - Landloop/Cross-country [J. Rosin]	16:00-16:50 [Blok/Block 3]	Gr. 8 - 9 - Eng. Play [C. Roux; K. Labuschagne]
	GR.10-12 - Netbal/ Netball [M. Thaele (1stes); L. Rossouw (2des)]		Gr. 8 - 12 - Eng. Debate [M. Thaele]
	GR.10-12 - Rugby (1stes) [D. Serfontein]		GR. 8 - 12 - Skaak/ Chess [W. Walters]
	GR.10-12 - Meisies hokkie /Girls hockey [A. Knoesen (1stes); M. Rush (2des)]		GR. 8 - 9 - Dogtershokkie/ Girls hockey (o/15) [S. Meiring]
	GR.10-12 - Seunshokkie/ Boys hockey [C. Louw (1stes); J. Walstrand (o/16)]		GR. 8 - 9 - Seunshokkie/ Boys hockey (o/15) [S. du Plessis]
	GR.8-12 - Boogskiet / Archery [W. Odendaal]		
	GR.8-12 - Afr. Toneel		
17:00-17:50 [Blok/Block 4]	GR.8-12 - Afr. Toneel	17:00-17:50 [Blok/Block 4]	Gr. 8 - 12 - Eng. Debate [M. Thaele] to 18:00
	GR.8-12 - Boogskiet / Archery [W. Odendaal] tot 17:30		

Sterkte met die eksamen, Ferdies

Josua 1:9

Wees sterk en vol moed! Moenie bang of moedeloos wees nie, want die Here jou God is by jou oral waar jy gaan.

Good Luck with

The Exams Ferdies

Josua 1:9

Be strong and courageous! Do not be afraid or discouraged, for the Lord your God will be with you wherever you go.





Day 1: Spirit in Full Swing!



Geesvangdag 2

Day 2: Spirit in Full Swing!



TROPSAKE PACK MATTERS



FERDIES LEGACY CLASH

Geesvangdag 3
Day 3: Spirit in Full Swing!



TROPSAKE PACK MATTERS




GEESWEEK / SPIRIT WEEK

Geesweek was stylvol en belaaï met Ferdie-trots! Met kreatiewe bykomstighede en unieke temas, het Ferdies se gees die aarde laat skud. Ons het geen kostuums of speletjies nodig nie—net pure energie, samesyn en 'n bietjie flair om elke dag spesiaal te kon maak. Wie beplan al hulle bykomstighede vir volgende jaar?

Spirit Week was all about the details this year! From bold accessories to creative themes, we brought the energy without the costumes or competitions. The halls were filled with school pride, friendship, and just the right amount of flair to make every day special. Who else is already brainstorming next year's accessory game?

SCAN ME





FERDIES LEGACY CLASH



SERVI ET ASPIRA


31 MAY

**FERDINAND POSTMA
HIGH SCHOOL**

TROPSAKE PACK MATTERS



FERDIES LEGACY CLASH



**SCAN
ME!**

TROPSAKE PACK MATTERS



FERDIES SPINATHON 2025

Baie dankie aan Hein Lubbe en al die spinathon-spanne wat, op Saterdag 24 Mei genoeg gees en energie gehad het om van die Ferdies-spinathon 'n groot sukses te maak!

'n Spesiale dankie aan die volgende besighede vir hulle ongelooflike ondersteuning deur spanne en pryse te borg:

Videotech – vir die spesiale prys en klank

Reform Gym

Potch Plastics

Dean's Decor

Cyclo DNA

Dr. Jonker Fisioterapeute

Medfour

Axella

A&E - Verhurings

Julle het dit moontlik gemaak – ons waardeer elke bydrae!



TROPSAKE PACK MATTERS

FERDIES SPINATHON 2025



TROPSAKE PACK MATTERS



NOORDWES PLATINUM WENNERS!

Ferdies se 1ste netbalspan is gekroon as die kampioene!
Ons is ongelooflik trots op elkeen van ons spelers wat alles op die baan gegee het.

- 🏆 Ferdies 18 - 16 HTS Klerksdorp
- 🏆 Ferdies 14 - 8 Hoërskool Orkney



NORTH WEST PLATINUM WINNERS!

Ferdies' 1st Netball Team has been crowned champions!
We are incredibly proud of each of our girls who gave it their all on the court.

- 🏆 Ferdies 18 - 16 HTS Klerksdorp
- 🏆 Ferdies 14 - 8 Hoërskool Orkney

TROPSAKE PACK MATTERS




Ferdies se **Graad 12 Engels Huistaalleerders** het die UJ Kunssentrum besoek om na 'n uitmuntende produksie van **Othello** te kyk. 'n LEKKER uitstappie is afgesluit met 'n middagete by Rosebank Mall. Ons is trots op ons leerders se waardering vir letterkunde, asook hul voorbeeldige gedrag in die teater.


Vir die liefde van Shakespeare!



Ferdies se **Graad 12 EAT-groep** het die UJ Kunssentrum besoek om na 'n uitmuntende produksie van **Othello** te kyk. 'n LEKKER uitstappie is afgesluit met 'n middagete by Rosebank Mall. Ons is trots op ons leerders se waardering vir letterkunde, asook hul voorbeeldige gedrag in die teater.



Vir die liefde van Shakespeare!



TROPSAKE PACK MATTERS



FERDIES BOOGSKIET / ARCHERY



**SCAN
ME!**



SATERDAG | 21 JUNIE 2025 | 08:00

LANYONSTRAAT 20, BAILLIE PARK, POTCHEFSTROOM
(PARKERING BY KERKTERREIN - BUSSE PARKEER OP SKOOLTERREIN)

TOEGANGSFOOI

R10.00 pp

"FUNSHOOT"

R10.00 per pyl

KINDERSPELETJIES

R5.00

**BAIE PRYSE
OM TE WEN!**

**SNOEPIE MET LEKKER
KOS, KOFFIE EN VELE
MEER**

(KONTANT & KAARTFASILITEITE
BESKIKBAAR)

**ONTHOU JOU GAZEBO EN
KAMPSTOELE!**

UITSTALLERS WELKOM

@ **R250** SONDER KRAG EN **R300** MET KRAG
PER STALLETJIE

SLEGS GESKENKE, BEMARKING OF
BOOGSKIET TOERUSTING
GEEN KOSSTALLETJIES!!

HOËRSKOOL FERDINAND POSTMA REK NR:
62781277093, FNB

VERWYSING:
STALLETJIE 21 JUNIE 2025.


STUUR BEWYS VAN BETALING NA:

Finansies | Finances:
logistics@ferdies.co.za
(Debiteure | Debtors) of
finance2@ferdies.co.za
(Krediteure | Creditors)

ORGANISEERDER/KONTAKPERSOON
MNR. WILMAR ODENDAAL: 072 492 9569

***Spreuke 16:20: Wie hom toespits op 'n saak, sal sukses behaal, en
wie op die Here vertrou, is gelukkig.***

TROPSAKE PACK MATTERS



SA NATIONAL

Championships

World's Open Air Saddlebred
Championship Show

Caelee Johnstone skitter by die Worlds Open Air Saddlebred Kampioenskappe!


Tussen 21 en 26 April 2025 het Caelee Johnstone aan die wêreldberoemde Worlds Open Air Saddlebred Kampioenskappe in Bloemfontein deelgeneem – 'n uiters kompeterende skou met meer as 900 perde in aksie!

Caelee het vir die eerste keer aan die Champion of Champions Equitation klas deelgeneem en het uitmuntend gevaar. Sy het deurgedring na die finaal – waar slegs 8 ruiters gekies is – en behaal 'n 6de plek in die 5-Gang én 'n 7de plek in die 3-Gang.


Sy het boonop 'n indrukwekkende 4de plek gewen in die perdeklas vir 5-Gang.

Wat hierdie prestasie nóg meer uitsonderlik maak, is dat Caelee kort voor die kampioenskappe 'n ernstige besering opgedoen het – maar met ongelooflike deursettingsvermoë en vasberadenheid het sy steeds haar plek tussen die land se top ruiters bewys.

Ons is ongelooflik trots op jou, Caelee – jy is 'n ware kampioen in én uit die saal!



TROPSAKE PACK MATTERS



SA NATIONAL

Championships

World's Open Air Saddlebred
Championship Show

Caelee Johnstone shines at the Worlds Open Air Saddlebred Championships!

Between 21 and 26 April 2025, Caelee Johnstone competed in the prestigious Worlds Open Air Saddlebred Championships in Bloemfontein – an incredibly competitive show featuring more than 900 horses in action!

Caelee took part in the Champion of Champions Equitation class for the first time and performed exceptionally well. She advanced to the finals – where only 8 riders were selected – and achieved a 6th place in the 5-Gait and a 7th place in the 3-Gait.

She also claimed an impressive 4th place in the 5-Gait horse class.

What makes this achievement even more inspiring is that Caelee sustained a serious injury shortly before the championships – but through incredible perseverance and determination, she still proved her place among the country's top riders.

We are incredibly proud of you, Caelee – you're a true champion both in and out of the saddle!



PROJEK VIR DIE VOLGENDE 2 MAANDE

PROJECT FOR THE FOLLOWING 2 MONTHS

Ons wil graag die platform langs die saal omskep in 'n buiteligteater deur Griekse-styl pilare op die hoeke van die platform aan te bring. Ons mik daarna om die projek binne twee maande te voltooi. Enige bydrae of donasie sal opreg waardeer word.

Onder is 'n voorstelling van die beoogde projek:

We would like to convert the platform next to the hall by building four Greek-style columns/pillars on the corners of the platform. Our aim is to finish this project within two months. Below is a representation of such an installation. Any contribution or donation will be sincerely appreciated.



Word asseblief deel van hierdie droom en ondersteun die kultuurleerders van ons skool.

Please become part of this dream and support our school's culture learners.

BANKBESONDERHEDE:

Hoërskool Ferdinand Postma

FNB (Tjek)

Rekeningnommer: 627 812 77093

Takkode: 250 655

VERW: KULVER01



BANK DETAILS:

Ferdinand Postma High School

FNB (Cheque)

Account Number: 627 812 77093

Branch Code: 250 655

REFERENCE: KULVER01

Indien jy betrokke wil raak, kontak gerus vir Mev. Roux op 079 874 4951 of by croux@ferdies.co.za

If you would like to get more involved, feel free to contact Ms Roux at 079 874 4951 or croux@ferdies.co.za



WOLF TERRITORY

WATCH THIS SPACE.....



JFA 
MAINTENANCE

10 SANGIRO STR
POTCHEFSTROOM
Tel : 0760392697

Email: nageljfa@gmail.com
Reg : 2020/221738/06
Tax: 9048218276

TROPSAKE PACK MATTERS



MySchool MyVillage MyPlanet
MAKE EVERY SWIPE COUNT

The MySchool programme was initially founded for parents who wanted to help their child's school raise more funds in an easy and sustainable manner. Over the 24 years of our existence, we have expanded to help parents as well as anyone else who would like to raise funds for schools and education. MySchool strongly supports and encourages quality learning in South Africa, through various schools and charity organisations. We aim to ensure that all children have access to the education excellence they deserve.

Die MySchool-program is aanvanklik gestig vir ouers wat hul kind se skool op 'n maklike en volhoubare manier wou help om meer fondse in te samel.

Oor die afgelope 24-jaar van ons bestaan, het ons uitgebrei om nie net ouers nie, maar ook enigiemand anders wat fondse vir skole en onderwys wil insamel, te ondersteun. MySchool ondersteun en bevorder sterk gehalte-onderrig in Suid-Afrika deur verskeie skole en liefdadigheidsorganisasies. Ons streef daarna om te verseker dat alle kinders toegang het tot die uitnemendhede onderwys wat hulle verdien.

ELKE KEER AS JY JOU KAART SWIPE, WORD 'N GEDEELTE VAN JOU BESTEDING TERUGGEGEE AAN JOU GEKOSE INSTELLING.

Ons vennote skenk namens jou, uit die bedrag wat jy spandeer het.

Sluit GRATIS aan.

Kies tot 3 instansies wat jy wil ondersteun.

Koop en swipe by ons vennote.

EVERY TIME YOU SWIPE YOUR CARD, A PORTION OF WHAT YOU SPEND IS GIVEN BACK TO YOUR CHOSEN CAUSE. Our partners donate on your behalf, from the amount you have spent.

Join for FREE

Select up to 3 causes you want to support

Shop and swipe at our partners

 **SCAN
ME!**



WOLWEDEN



**Liewe Ferdies Ouers, Studente en Vriende,
Pick n Pay Vanderhoff Park is trots om die Ferdies-lojaliteitsprogram aan u voor
te stel!**

Plaas asseblief u kasregisterstrokie vir alle aankope wat by u Vanderhoff Park-winkel gedoen is in die posbus gemerk met ons skool se logo. Deur dit te doen, help u om fondse vir Ferdies in te samel, aangesien Vanderhoff Pick 'n Pay belowe om 2% van alle geld wat bestee is, aan ons skool terug te gee in die vorm van 'n kwartaallikse kontantterugbewys. Ferdies kan hierdie bewys dan gebruik om kruideniersware en ander noodsaaklike goedere aan te koop.

Deur by Vanderhoff Pick 'n Pay inkopies te doen, trek u ook voordeel uit PnP se klanteloyaliteitstelsel! Veeg eenvoudig u Smart Shopper-kaart en maak gebruik van PnP se Brand Match-stelsel. Vra in die winkel vir meer besonderhede.

Pick n Pay Vanderhoff Park – Laat ons familie na u familie, skool en gemeenskap omsien.

**Dear Ferdies Parents, Students, and Friends,
Pick n Pay Vanderhoff Park is proud to present the Ferdies Loyalty Programme!**

Please post your till slips for all shopping done at your Vanderhoff Park store in the postbox marked with our school's logo. By doing so, you can help raise funds for Ferdies, as Vanderhoff pledges to give 2% of all money spent back to your school in the form of a quarterly cashback voucher. Ferdies can then use this voucher to purchase groceries and other essential goods.

By shopping at Vanderhoff, you also benefit from PnP's customer loyalty system! Simply swipe your Smart Shopper card and take advantage of PnP's Brand Match System. Please ask in-store for more details.

Pick n Pay Vanderhoff Park – Let our family look after your family, school, and community.